

Inhoudsopgawe

1	Die Groot Gejaag—26 Junie-2 Julie	4
2	Rusteloos en Rebels—3-9 Julie	12
3	Waar Rusteloosheid Oral Wortelskiet—10-16 Julie	20
4	Die Prys wat Ons vir Rus Betaal—17-23 Julie	28
5	“Kom na My Toe...”—24-30 Julie	36
6	Rus en Die Gesin—31 Julie-6 Augustus	44
7	Gemoedsrus, Gesinsbande en Genesing—7-13 Augustus	52
8	Vry om te Rus—14-20 Augustus	60
9	Die Ritme van Rus—21-27 Augustus	68
10	Die Sabbatsrus—28 Augustus-3 September	76
11	Om te Smag na Meer— 4-10 September	84
12	Die Rustelose Profet— 11-17 September	92
13	Die Hoogste Vorm van Rus— 18-24 September	100

Redakteurskantoor

12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD
20904, U.S.A.

Besoek gerus ons webwerf by:
<http://www.absg.adventist.org>.

Hoofbydraes

Gerald and Chantal Klingbeil

Redakteur

Clifford R. Goldstein

Soraya Homayouni

Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder

Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent

Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-koördineerder

Tricia Wegh

Ilustrasie en Ontwerp

Lars Justinen

©2021, Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie®. Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van die Sabbatskoolbybelstudiegids vir Volwassenes (Standaarduitgawe) mag deur enige persoon of entiteit gereedigeer, oorbrug, verander, aangepas, vertaal, herdruk

of uitgegee word sonder om vooraf geskrewe toestemming by die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® te verkry nie. Die onderskeie divisiekantore van die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® het wel toestemming om die Sabbatskoolbybelstudiegids vir Volwassenes (Standaarduitgawe) te laat vertaal, hoewel dit onderhewig aan sekere riglyne is. Sulke vertalings en hul gepubliseerde weergawes bly egter steeds die eiendom van die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste," "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® en mag nie sonder die Wêreldkonferensie se uitdruklike toestemming gebruik word nie.

Die Sabbatskoolbybelstudiegids vir Volwassenes (Standaarduitgawe) is opgestel deur die Sewendedag-Adventiste Wêreldkonferensie® se Bybelstudiegids vir Volwasse-afdeling. Die voorbereiding van die gids staan onder leiding van die Sabbatskool Publikasieraad, 'n subkomitee van ADCOM (die Wêreldkonferensie Administratiewe Komitee), en is die uitgewer van dié bybelstudiegids. Die gepubliseerde gids weerspieël die bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en geskied met die goedkeuring van die Sabbatskool Publikasieraad. Derhalwe verteenwoordig dit nie noodwendig die bedoelings van die

skrywer/skrywers nie. Dit kom ook nie op 'n volledige weergee van daardie party/partye se benaderings neer nie.

Lys van Bybelvertalings

Die skrifverwysings in dié studiegids – d.w.s. die Sabbatskoolbybelstudiegids vir Volwassenes (Standaarduitgawe 3e Kwartaal 2021) – kom uit die volgende vertalings:

Skrifaanhalings gemerk DB en NLV is onderskeidelik geneem uit Die Boodskap ©2002 en Die Nuwe Lewende Vertaling ©2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou.

Skrifaanhalings gemerk ABA, NAB en OAB is onderskeidelik geneem uit Die Bybel vir Almal © 2007 en Die Bybel in Afrikaans ©1983 en 1992, en ©1933 en 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Aangaande die E.G. White-aanhalings in Afrikaans

Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié handleiding gebruik word, is deur die vertaler self gedoen.

Rus vir die Rustelose



Alles het vlot verloop, maar toe kom die aankondiging uit die stuurkajuit dat die vliegtuig binnekort deur 'n hewige storm sou vlieg. “Dames en Here, hou asseblief u sitplekgordels aan. Ons betree ongelukkig 'n gedeelte met baie turbulensie, so byt maar vas,” het hy onder andere gesê.

Kort daarna begin die allervreeslikste turbulensie. Die vliegtuig spook behoorlik deur die stormweer. In 'n stadium skud die oorhoofse bagasiehokkies se deurtjies sommer los en vlieg oop. Die passasiers is skoon benoud. So gryp-gryp die storm periodiek aan die vliegtuig. In 'n stadium is dit so kwaai dat iemand agter-in die vliegtuig skielik gil. Drogbeelde van vlerke wat afbreek en die vliegtuig wat skerp aarde se kant toe oorhel, flits deur talle se koppe. Almal het beangs aan hul sitplekke vasgeklou – behalwe vir 'n dogtertjie heel voor in die ekonomie-gedeelte. Met die papier op die opvoutafeltjie voor haar, sit sy en teken 'n prentjie. Sy kyk ook net op, deur die venstertjie, veral wanneer die blitse besonder indrukwekkend is. Tog keer sy telkens doodluiters terug na haar tekening.

Gelukkig kom die folterende vlug tot 'n einde. Toe die vliegtuig ten einde laaste op die aanloopbaan neerstryk, klap die passasiers met 'n groot gejuig hande van pure verligting. Met haar rugsakkie klaar gepak, staan en wag die dogtertjie vir die passasiers om die vliegtuig te verlaat. Dit is toe dat 'n volwasse passasier vra of sy dan nie tydens die hewige storm bang was nie. Hoe het dié klein kindjie met al dié turbulensie en die vliegtuig wat so skud, so kalm gebly?

“Ek was nie bang nie,” antwoord sy die oorblufte man. “My pappa is die kaptein en ek het geweet dat hy my huis toe bring.”

Rusteloosheid en vrees is dikwels pasmaats. Die hedendaagse mens word grotendeels dag en nag besig gehou, wat soms tot rusteloosheid en vrees by die individu lei. Vrees en kommer – oor wat die toekoms vir ’n mens inhou – wie van ons het nog nooit met hierdie gespook nie? Die verlede is verby, die hede is reeds hier, maar die toekoms is net ’n spul vraagtekens. In hierdie onstabiele wêreld lei daardie vae dikwels tot minder aangename antwoorde. Twyfel neem oor: Gaan ek daardie sperdatum wat so by my spook, betyds haal? Gaan ek volgende maand se huur of skoolfonds kan betaal? Gaan ons huwelik die volgende storm kan trotseer? Gaan die Here aanhou om my lief te hê hoewel ek voortdurend as gelowige “faal?”

In hierdie kwartaal gaan ons party van dié vrese onder hande neem. Rus in Christus is meer as net ’n oulike titel vir hierdie bybelstudiegids, meer as net ’n aangrypende tema vir ’n poging of ’n kampvergadering.

Met die opstel van hierdie studiegids het dit skielik tot die skrywers deurgedring hoe aldeurdringend dié begrip rus in die veelvlakkige boodskap van die Bybel is. Rus hou verband met verlossing, met genade, met die skepping, met die Sabbat, met die wyse waarop ons die toestand van die dode verstaan, met die spoedige wederkoms van Jesus, en met vele meer.

Toe Jesus in Matteus 11:28 gesê het dat rus by Hom te vinde is, was dit nie uitsluitlik ’n uitnodiging vir sy dissipels of vir die vroeg-Christelike kerk nie. Nee, Hy het ook aan die sonde-siek en vermoede mens van die toekoms gedink – aan die vuisvoos mens in die hedendaagse lewenstryd, aan elkeen wat smag om by die gewer van ware rus uit te kom. Onthou net, terwyl jy hierdie kwartaal se lesse weekliks doen, om na Jesus te kom en rus by Hom te vind. Ons hemelse Vader is, per slot van rekening, in beheer en staan gereed om ons na veiligheid te neem, daar waar Hy is.

Chantal en Gerald Klingbeil geniet hul interkulturele huwelik asook die spanwerk wat die getroude lewe meebring. Chantal wat medehoof van die Ellen G. White Nalatenskap is, kom van Suid-Afrika. Gerald is gebore en getoë in Duitsland. Hy is die mederedakteur van die nuustydskrif en TV-bediening, Adventist Review. Gerald is ook ’n navorsingsprofessor in beide Ou Testamentsiese en Ou Nabye Oosterse Studies aan Andrews Universiteit.

Om in Christus te rus, is die geheim tot die tipe lewe wat Jesus beloof het (en steeds belowe) om aan sy volgelinge te gee: “Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Joh. 10:10, OAB).